Woensdag **3 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 38**

**Fokusgedeelte: Psalm 38**

**God praat met my deur die gebeure in my lewe**

Herinnering beteken om terug te kyk. In hierdie psalm kyk Dawid terug op sy lewe. Twee duidelike temas kom in hierdie psalm na vore: eerstens liggaamlike lyding en siekte en tweedens die veragting van die bidder deur sy vyande en dat sy geliefdes hom op ‘n afstand hou, albei as gevolg van sy siekte.

Die bidder glo dat sy lyding en siekte deel is van sy straf oor sy eie sondes. Hy erken dit in vers 4: “Deur u toorn is daar nie meer ’n gesonde plek aan my liggaam nie …” In vers 19 bely hy: “Ek bely my ongeregtigheid, my sonde kwel my.” Dit is baie belangrik om te besef dat die Here ons nie altyd met siekte straf nie, maar dat hierdie psalm en ander Skrifgedeeltes aandui dat Hy ons soms tog op dié manier tugtig (vgl. 1 Kor. 11:30-32). Ons sondes kan liggaamlike gevolge hê, en die Here tugtig soms sy kinders sodat hulle na Hom toe terug sal kom (Heb. 12:5-11). Daarom moet ons elke dag, ook in dae van siekte, ons sondes voor die Here bely, hulle op die naam noem, werklike berou hê en uit dankbaarheid vir sy genade elke dag volgens sy wil leef.

Verder getuig die bidder dat hy sy vyande met uiterlike geduld verdra (vs. 14; vgl. ook Jes. 53:7-9) en ook dat hy dringend begeer dat sy vyande hulle nie oor hom moet verbly nie (vs. 17). Wanneer ons soms siek word en lyding en vyandskap daaroor verduur, moet ons altyd onthou dat ons Here Jesus Christus lyding verdra het en pyn geken het (Jes. 53:3), dat Hy beskou is as een wat deur God geslaan en gepynig is (Jes. 53:4b) en dat Hy nie vir mense weggedraai het toe hulle Hom bespot en bespoeg het nie (Jes. 50:6). Dit alles het Hy verduur ter wille van ons sondes.

Ja, deur die Here se genade kan ons elke dag, veral ook in dae van siekte, saam met hierdie psalmdigter bely (vs. 16): “Ek vertrou op U, Here, U sal antwoord, Here my God.” Ook kan ons uitroep (vs. 23): “Maak tog gou om my te help, Here, my Redder!”

*Sing: Psalm 38-1:17*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)*